



## Necesse in 2020

Die Necesse-opsie is steeds uiters gewild weens die bekostigbare ledegeld vir voltydse studente en die omvattende voordele wat deur 'n gehaltenetwerk gebied word vir mediese dienste binne en buite die hospitaal.

Medihelp het vir 2020 daarop gefokus om die volhoubaarheid van Necesse te verseker deur die omvattende voordele van die opsie te behou en verantwoordelike prysingsbeginsels toe te pas.

Netwerke, aangewese diensverskaffers, voordele en die prosesse wat jy in 2020 moet volg om voordele te gebruik word volledig in die Necesse-gids bespreek. Klik op die skakel om die gids te lees of af te laai.

[Necesse Network-ledegids](#)

## Netwerke in 2020

Hoewel die aangewese diensverskaffers en netwerke in 2020 dieselfde bly (raadpleeg asseblief die gids vir besonderhede) is vier hospitale by die netwerk van privaat hospitale in KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap gevoeg, naamlik:

- Mediclinic Newcastle
- Mediclinic Stellenbosch Dagkliniek
- Mediclinic Winelands Ortopediese Hospitaal
- Medicross Foreshore Daghospitaal

## Ledegeld in 2020

Die aanpassing van Necesse se ledegeld vir 2020 is beïnvloed deur hoër gebruikmaking en groter beskikbaarheid van gesondheidsorgdienste, asook stygings in tariewe.

Die maandelikse ledegeld vanaf 1 Januarie 2020 verskyn hier onder:

### Maandelikse ledegeld

Bruto maandelikse inkomste		R0 - R600
Hooflid	👤	R597
Afhanklike	👤	R597
Kinderafhanklike <21 jaar	👤	R597

Onthou asseblief om Medihelp teen 31 Maart elke jaar van 'n brief van jou tersiêre instelling te voorsien as bewys van jou voltydse studies om op die studente-inkomstekategorie te bly.

## Diens en ondersteuning in 2020

- Op die [Member Zone](#) (beveiligde webblad vir lede) kan jy inligting kry met net 'n klik of twee. Jy kan jou beskikbare voordele sien, eisestate lees, besonderhede bywerk en goedkeuringsversoeke vir hospitalisasie aanlyn rig.
- Medihelp se app vir lede het funksies soos toegang tot 'n e-lidmaatskapkaart, soek vir 'n netwerkverskaffer en inligting oor jou beskikbare voordele.
- Die nuutste élan-tydskrif met artikels oor onderwerpe soos 'n natuurlike manier om jou lyf gereed te kry vir die somer en breingesondheid is beskikbaar op die [HealthPrint-webtuiste](#) vir jou leesgenot.

Indien jy oorweeg om vanaf 1 Januarie 2020 na 'n ander voordele-opsie te verwissel, moet jy ons asseblief laat weet via die [Member Zone](#) of per e-pos na [membership@medihelp.co.za](mailto:membership@medihelp.co.za) teen Maandag, 16 Desember 2019 op die laatste. Na hierdie datum sal geen verwisseling van voordele-opsie aanvaar word nie. Indien jy Medihelp graag wil skakel om te verwissel, moet jy dit asseblief voor Vrydag, 13 Desember 2019 om 16:00 by 086 0100 678 doen om genoeg tyd vir die verwerking van die verwisseling toe te laat.

Vriendelike groete



HEYN VAN ROOYEN  
HOOFBEAMPTTE